OOSIE-JUNIOR HOKKIE

Dis nie hoe groot jy is nie, dis hoe groot jy speel.

21 Februarie 2025

Geagte Ouer/Voog

**OOSIE-JUNIOR HOKKIE 2025**

*As die hokkie gogga u kind eers gebyt het, is dit vir altyd!*

Hokkie word wêreldwyd in meer as 100 lande gespeel en is die tweede grootste spansport ter wêreld. Met die sukses wat die Suid-Afrikaanse spanne in die onlangse *FIH Indoor World Cup,* behaal het, neem die sport se gewildheid in Suid-Afrika ook vinnig toe.

By Oosie-Junior Hokkie beoog ons om u kind, nie net die korrekte hokkievaardighede op die ASTROBAAN (eerste en enigste in die Moot) te leer nie, maar ook 'n lewenslange liefde vir die sport te kweek. Om hokkie te speel, help om noodsaaklike sosiale vaardighede soos spanwerk, kommunikasie, strategiese denke en individuele deursettingsvermoë te ontwikkel. Verder is dit ook 'n uiters aangename fisiese aktiwiteit wat help om hand-oog koördinasie, spoed, spiertonus en kardiovaskulêre prestasie te verbeter.

**Afrigters**

Vanjaar het ons nuwe afrigters wat by die span aansluit. Met die ervaring en kundigheid van Earl Kim-Fley aan die hoof, sien ons uit om die seisoen aan te pak.

**Registrasie**

Alle laerskoolseuns en -dogters wat belangstel om hokkie te speel, word uitgenooi om by ons **Oosie-Junior Hokkie** (by Hoërskool Oos-Moot) in te skryf. Volg hierdie skakel om u kind te registreer: https://forms.gle/z8KNssDR7y96GT1n7

Ouers moet ook vir elke speler 'n toestemminsvorm (vrywaringsvorm) invul en inhandig.

**Benodighede:**

- Hokkiestok (beskikbaar by enige sportwinkel).
- Hokkiebal (beskikbaar by enige sportwinkel).
- Mondskerm (beskikbaar by enige sportwinkel).
- Shinpads (beskikbaar by enige sportwinkel).
- Lang hokkie-oefenkouse (by enige winkel te koop).

**Kostes**

Kostes om in te skakel by Oosie-Juniors beloop R300 per maand, met 'n eenmalige registrasiefooi van R500 (sluit Oosie-Juniordrag in). Die kostes dek die huur van die astro, afrigting en gebruik van die fasiliteite in.

**BANKBESONDERHEDE**

Hoërskool Oos-Moot

FNB
Takkode 210835,
Tjek rekeningnommer: 63124628041

Depositoverwysing: PR71(OJ) speler naam (of voorletters) & van (Stuur asseblief u bewys van betaling aan hokkie@oos-moot.co.za)

**Klere**

Elke Oosie-Junior speler wie se registrasiefooi betaal is, ontvang 'n Oosie-Junior hemp en skort/kortbroek. Die Oosie-Junior "hoodie" is teen R 380 beskibaar. Geld word in die Oosie-Junior rekening betaal.

# OOSIE-JUNIOR HOKKIE

Dis nie hoe groot jy is nie, dis hoe groot jy speel.

**Oefeninge:**

Oosie-Junior Hokkie-oefeninge sal Vrydae van 16:00-17:30 plaasvind. Indien daar ’n lang naweek of hoërskool wedstryd op die Vrydag is, sal die Oosie-Juniors op die Woensdag of Donderdag plaasvind, gewoonlik 18:00-19:00.

Vanjaar begin die program op 7 Maart 2025.

| **Maart** | **April** | **Mei** | **Junie en Julie** |
|---|---|---|---|
| 7 Maart<br>14 Maart<br>20 Maart<br>28 Maart | 9 April<br>16 April<br>23 April*<br>30 April (afhangend van beskikbaarheid van spelers tydens die week wat die skole toe is. )<br>(Woensdae weens die lang naweke) | 9 Mei<br>16 Mei<br>23 Mei<br>30 Mei* | 6 Junie<br>13 Junie<br>20 Junie<br>25 Julie |
| **Augustus** | **September** | **Oktober** | **November** |
| 25 Augustus<br>8 Augustus *<br>15 Augustus<br>29 Augustus | 5 September<br>12 September<br>19 September<br>26 September * | 1 Oktober<br>17 Oktober<br>24 Oktober<br>31 Oktober | Afhangend van belangstelling en beskikbaarheid van spelers tydens die eksamen. |

* Die datum kan moontlik skuif weens Hoërskool wedstryde.

Vir verdere navrae kan u me. L. Steyn (hokkie@oos-moot.co.za) kontak.

**Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting:**

Wat betref die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting (POPIA) (dokumentasie, foto’s, videomateriaal, ensovoorts) versoek ons dat ouers die volgende **Google vorm** voltooi wanneer leerders vir Oosie-Juniors registreer word. Vul asseblief “Oosie-Junior Hokkie” in waar die leerder se graad en klas gevra word.

- POPIA - Vrywaringsvorm met betrekking tot foto's, beeldmateriaal en video's

**Bekendstellingsdag**

Oosie-Juniors beoog om op Vrydag, 7 Maart 2025 ’n bekendstellings dag te hou. Voornemende Oosie-Juniors kan dan kom deel in die pret en ervaar hoe lekker dit is om hokkie te speel. Hulle hoef nog nie vir die bekendstellingsdag hokkie-toerusting te hê, of te betaal nie.

Ons sien daarna uit om u en u kind te ontmoet en dat u deel van ons Oosie-hokkiegemeenskap word.

Om by die WhatsApp-groep in te skakel, vol hierdie skakel of gebruik die QR-kode.

Vriendelike groete

**L. Steyn & E. Kim-Fley**
Organiseerders

**OOSIE-JUNIOR HOKKIE**

Dis nie hoe groot jy is nie, dis hoe groot jy speel.

# INLIGTINGSVORM: OOSIE-JUNIOR HOKKIE 2025

**(Vul asseblief in en besorg terug)**

Naam en Van van Speler: ________________________________________

Laerskool: ____________________________________________ Graad: ____,

**Kontakbesonderhede:**

| | Naam en Van | Selfoonnommer | E-posadres |
|---|---|---|---|
| Moeder/Voog: | | | |
| Vader/Voog: | | | |

**Wyse van betaling:**

Betaling word per maand gemaak.

- R500 Verpligte registrasiefooi (Sluit Oosie-Juniordrag in)

  asook

- R300 per maand

Maart,
April
Mei,
Jun & Jul,
Aug
Sept,
Okt,
Nov – sal bevestig

**Rekeningbesonderhede**

Hoërskool Oos-Moot

FNB
Takkode 210835,
Tjek rekeningnommer: 63124628041

Depositoverwysing: PR71(OJ) speler naam (of voorletters) & van (Stuur asseblief u bewys van betaling aan hokkie@oos-moot.co.za)

_____________________________            _________________

**HANDTEKENING VAN OUER**            **DATUM**